

Weergawe 2018.2 (21 Aug 2018)

Zoetis Landbouweekblad/Breedplan se jong bul van die jaar op skoue

Doelwit

Om skoue te gebruik om genetiese verbetering vir ekonomiese belangrike eienskappe te promoveer

- 1 Die Zoetis bul van die jaar word op alle skoue beoordeel soos oorgeengekom met die LRF komitee, beoordeelaar en skou genootskappe naamlik:
Bloemfontein, Vryburg, Lichtenburg, Royal, Pretoria, Morreesburg en Windhoek.
- 2 Indien 'n ras nie aan hierdie skoue deelneem nie is die onus op die genootskap om die bul na een van bogenoemde skoue te vat vir beoordeling. Indien 'n spesiale skou plaasvind (soos bv die Brangus op Harrysmith), of die Nasionale kampioenskappe by 'n sekere plek gehou word (bv. Parys), dan is dit die **onderskeie rasse** se verantwoordelikheid om deur die LRF die nodige reëlings te tref.
- 3 Die beoordeling vind eerstens binne elke ras plaas.
 - 3.1.1 Alle bulle sal binne ras beoordeel word en 'n wenner aan wys
 - 3.1.2 Alle wenners sal vir finale plasing in die interras kompetisie slegs op visueel beoordeel deur die betrokke skou se interras beoordelaar **by die interras kompetisie vir finale plasing van 'n algehele wenner.**
 - 3.1.3 Alle **algehele skou wenners** kwalifiseer vir 'n toekenning, gebaseer op prestasie, by die Aldam prysuitdeling in Oktober van elke jaar.

4 Sertifikate

- 4.1 Alle binne-ras wenners kry 'n sertifikaat by die skou, wat deur die genootskap beampte oorhandig sal word **tydens die interras beoordeling**. Alle-binne ras wenners sal soos bogenoemde aan die interras beoordeling deelneem waartydens 'n finale skou wenner aangekondig sal word, gebaseer op visuele beoordeling.
- 4.2 Op die Lint sal Zoetis as borg en die skou se naam voorkom. Die algehele wenner op die skoue sal die betrokke skou se "Zoetis bul van die jaar" genoem word.
- 4.3 Die eienaars van die verskillende binne ras wenners oor skoue, sal uitgenooi word om 'n amptelike geleentheid van die LRF by te woon waartydens die finaliste weereens aangekondig sal word en teen mekaar sal meeding en 'n algehele skouwenner aangekondig word.

5 Kriteria

5.1 Dit is vir elke rasgenootskap om sy eie kriteria op die stel op die volgende voorwaardes:

5.1.1 Vir elke skou: Die visuele beoordeling tel helfte (50%) en die vlak van rekordhouding asook prestasie data tel die ander helfte (50%).

5.1.2 Die voorafberekende teelwaardepunt of seleksie indekse vir rasse wat nomineer om self die beoordeling te doen, sal nie vooraf aan die beoordelaar bekend gemaak word nie. Die beoordelaar gee bloot 'n visuele punt.

5.1.3 Standaard kriteria sal vir alle rasse gebruik word. Die formules is deur kundiges verbonde aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat tesame met die LRF komitee uitgewerk. Die kriteria vir teelwaardes gebruik geboorte gewig, speen, vrugbaarheid/skrotum asook volwasse koei gewig d.m.v. n venster wat die eienskappe volgens hulle ekonomiese bydrae weeg

5.1.4 Die reëls vir Rassgenootskappe wat n Ekonomiese Rand/Dollar Seleksie Indeks gebruik is as volg:

5.1.4.1.1 Die teler word vir beide die vlak van rekordhouding asook prestasie op seleksie Indeks beloon. Die vlak van rekordhouding word d.m.v. beskikbare teelwaardes as volg geweeg:

(Simmentaler)

Gewigte ingestuur nml speen (15), jaar (5), finaal (5) en koei gewig(10) = (35%)

Vrugbaarheid nml Dae tot Kalwing (25) en Skrotum omvang (10) = (35%)

Geboorte eienskappe nml geboorte gewig (7.5) en kalwings gemak (7.5) = (15%)

Skandering (15%)

(Simbra)

Gewigte ingestuur nml speen (15), jaar (5), finaal (5) en koei gewig(10) = (35%)

Vrugbaarheid nml Dae tot Kalwing (25) en Skrotum omvang (10) = (35%)

Geboorte eienskappe nml geboorte gewig (15) = (15%)

Skandering (15%)

(Brahman en ander genootskappe)

Gewigte ingestuur nml speen (20), jaar (7), finaal (5) en koei gewig (10) (42%)

Vrugbaarheid nml Skrotum omvang (25%)

Geboorte eienskappe nml geboorte gewig (17%)

Skandering (16%)

6 Vir die Brahman, Simmentaler, Simbra genootskappe is daar deur die genootskappe self besluit dat ten minste 10 diere in die klas op die skou moet wees. Vir die ander genootskappe moet daar ten minste 5 diere in die klas wees.

7 Bulle tussen die ouderdom van 12-36 maande kwalifiseer

Die binneras plasings sal plaasvind:

- Direk na die Junior kampioenskap beoordeel word.
- **Al die junior (<36 maande) bulle neem deel in die beoordeling en word visueel bepunt òf tydens die beoordeling van hulle klas OF al die junior bulle kom saam in vir visuele bepunting. 'n Visuele punt <50% sluit diebul uit van verdere deelname.**
- Gedurende beoordeling van die senior bul **en ander klasse sal die data verwerk word.**
- **Die finale binneras wenner asook die naaswenner sal hopenlik teen die einde van die onderskeie ras se beoordeling aangekondig word.**

8 **Die Zoetis Breedplan interras klas word aan die begin beoordeel en alle binneras weners kompeteer.**

9 Bewoordingop skou katalogus:

Die ZOETIS se LANDBOUWEEKBLAD/BREEDPLAN jong Bul van die jaar op skoue is deel van n Suider Afrika kompetisie wat ander skoue ook insluit. Die doelwit is om skoue te gebruik om genetiese verbetering vir ekonomiese belangrike eienskappe te promoveer. Alle bulle op skoue met beraamde teelwaardes tussen 12-36 maande kwalifiseer. Daar moet ten minste 5 bulle per ras wees om te kan kwalifiseer. Die visuele beoordeling tel helfte van die punte en die vlak van rekordhouding asook prestasie data tel die ander helfte. Standaard kriteria vir alle rasse word gebruik om die teelwaardes (geboorte, speen, jaar, finale gewig asook volwasse koei gewig en skrotum) te weeg hoewel sommige rasse verkies om ekonomiese seleksie indekse gebruik.

Die kriteria is deur kundiges verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat tesame met die organiseerders opgestel. **Die verskeie ras weners kompeteer visueel in die interras vir 'n algehele Zoetis Breedplan skou wenner.**

Die algehele skou wenner ding mee teen soortgelyke weners van ander skoue slegs op prestasie waarna 'n nasionale algehele interras wenner aangekondig sal word by die Aldam Veeskool.

10 Die LRF raad behou hom die reg uit om die evaluasie kriteria te verander.